

# GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

(Gestig 22 Maart 1948)

# OLD PRETORIA SOCIETY

(Founded 22 March 1948)

Bestuur — Committee

Dr. W. Punt (Voorsitter/Chairman); Prof. Dr. A. N. Pelzer (Ondervoorsitter/Vice-Chairman); Dr. F. J. du T. Spies (Sekretaris/Secretary); Mej./Miss J. H. Davies, M.A. (Argivaris/Archivist); Mnr./Mr. P. J. Jooste (Penningmeester/Treasurer); Dr. V. Fitz-Simons; Mevr./Mrs. H. Greenlees; Mnre/Messrs. J. P. Kleynhans; H. P. H. Behrens; Dr. T. S. v. Rooyen.

Redaksieraad van „Pretoriana”/Editorial Board of “Pretoriana”: Mej./Miss J. H. Davies, M.A.; Dr. F. J. du T. Spies; Dr. T. S. van Rooyen.

Adres van die Sekretaris/Address of the Secretary: Dr. F. J. du Toit Spies, Posbus/P.O. Box 1422, Pretoria.

## ASSOCIATION OLD PRETORIA CONSTITUTION 1949

1. The name of the society is the “Association Old Pretoria”.
2. The Association shall confine its activities mainly to the city and district of Pretoria.
3. The Association functions as an independent body and has the following aims:
  - (a) To trace historically interesting buildings and places and to compile, in a register kept for the purpose, authentic data concerning them.
  - (b) To investigate unprotected or insufficiently protected historical objects or material and to take the necessary steps for their adequate safe keeping or preservation.
  - (c) To collect documents, objects or material of historical interest and, as circumstances require, care for them itself or hand them over to the most suitable body or institution for safe keeping.
  - (d) To make permanent record, in writing, in pictures or in other ways, of historical facts and to endeavour to supplement and complete such record by means of authentic data, for the furtherance of an accurate depiction of the history of the city and district of Pretoria.
  - (e) On its own initiative to devise plans and to take action in connection with historical celebrations which have Pretoria as their focal point.
  - (f) To render assistance in connection with determining, giving or altering historical names with respect to any part or portion, e.g. streets, squares, watercourses, and places of note, of the city or the suburbs or the district of Pretoria.
  - (g) To take all such steps as may be necessary for the attainment of the Association's aims.
4. The Association, while preserving its own identity, is prepared to co-operate with the competent authorities of the Union Government, the Transvaal Provincial Administration, the Municipality of Pretoria, and, if it so thinks fit, with any other institution, body or person, for the realisation of the abovementioned aims.
5. (a) The membership of the Association is limited to a hundred, but the executive committee reserves the right to depart from this rule in exceptional circumstances.

---

Contributions may be sent to the Editor, P.O. Box 1422,/Bydraes moet gestuur word aan die Redakteur, Posbus 1422.

- (b) All persons who contributed to the establishment of the Association and such persons as may join it on the invitation of the executive committee shall be members of the Association, provided that no person shall be eligible for membership who has not resided for at least one year in the city or district of Pretoria.
- (c) The executive committee reserves the right to terminate membership without giving its reasons for so doing.
- (d) When a person becomes a member of the Association, he or she will be expected to contribute five shillings, and the executive committee has the right, necessary, to decide on additional levies not exceeding five shillings per year (now 7s. 6d. or 10s.).
6. The executive committee of the Association shall consist of a chairman, a vice-chairman, a secretary, a treasurer, an archivist, six other members and a representative of the City Council of Pretoria. Six members of the executive committee, including the chairman or vice-chairman and the secretary, shall form a quorum. The executive committee shall be elected at the annual general meeting.
7. The executive committee shall have the right to nominate sub-committees consisting of members of the Association to investigate some or other subject. Any sub-committee shall have the right to co-opt other persons, not necessarily members of the Association.
8. The annual general meeting of the Association shall be held in November of each year, and the executive committee has the right to call special meetings from time to time.
9. This constitution can be amended by a two-thirds majority of members present at a meeting of members, provided a month's notice of such meeting and of the proposed amendment has been given.
10. English and Afrikaans are the official languages of the Association.

Ekstra eksemplare verkrybaar by:

**UNIE-BOEKHANDEL**

Kerkstraat 236, Pretoria.

en

**VAN SCHAIK SE BOEKHANDEL**

Librigebou, Kerkstraat, Pretoria.

Extra copies obtainable at:

**UNION BOOK STORE**

236, Church Street, Pretoria.

and

**VAN SCHAIK'S BOOK STORE**

Libri Buildings, Church Street, Pretoria.

Prys: 1/- per eksemplaar.

Price: 1/- a copy.

# Die Genootskap Oud-Pretoria

se standpunt i.v.m. die

## Kruger-Standbeeld

en die toekoms van Kerkplein

Na meer as 'n halwe eeu se vertraging sal die standbeeld van President Kruger waarskynlik oor 'n paar jaar op sy regmatige plek op die Kerkplein te staan kom.

Ou Pretoriane verwelkoni die Stadsraad se besluit om die verskuiwing van die standbeeld toe te laat. Deurdad die Genootskap die Holfordplan vir die Kerkplein in 'n onderhoud met die Stadsraad afgekeur het, het Oud-Pretoria 'n daadwerklike aandeel in die verskuiwing gehad<sup>2)</sup>. Deur hierdie verhoë is die toestemming tot die verskuiwing van die beeld van die Stasieplein na Kerkplein bespoedig.

Die Stadsraad van Pretoria het onlangs 'n model van die Kerkplein met 'n verplaasbare model van die Krugerstandbeeld laat vervaardig. Die publiek is daarna uitgenooi om met behulp van die model na te gaan waar op die Kerkplein die standbeeld die meeste tot sy reg kom.

Bestuurslede van die Genootskap het die model inspekteer en die beste plekke waar die beeld geplaas kan word, oorweeg.

Na ons mening kom die volgende vier plekke op Kerkplein vir die oeroprigting van die standbeeld in aanmerking:

1. Midde op die plein waar nou die vyver is.
2. Op die trappe aan die suidekant van die plein.
3. Reg voor die Goewermentsgebou.
4. Tussen die Goewermentsgebou en die Paleis van Justisie waar die voetstuk oorspronklik opgerig was en tot 1905 gestaan het.

Alleen die laasgenoemde plek het enige werklike geskiedkundige aanspraak, want dit is waar mnr. Sammy Marks, die skenker van die standbeeld, dit wou sien staan en waar die voetstuk in Republikeinse dae opgerig is<sup>2)</sup>. Was dit nie vir die Anglo-Boere-oorlog nie, dan het President Kruger se standbeeld tans hier gestaan. Tog is dit nie wenslik om die beeld weer hier te plaas nie, want die voorkoms van die plein het na 1905 veel veranderinge ondergaan.

**Na ons mening moet die standbeeld terwille van die eenheid van die plein midde op die Kerkplein geplaas word, al sou die groot moderne geboue om die plein die beeld moontlik oorskadu. Die middelpunt van die plein het ook die voordeel dat die beeld hier of Oos of Noord kan kyk, sonder om daardeur aan die estetiese waarde van die beeldegroep afbreuk te doen.**

Die voorstel om die beeld op die suidelike trappe te plaas, vind hoe-genaamd **geen** byval nie. Dit sal die eenheid van die groep beelde waarvan President Kruger die middepunt vorm, verbreek. Dit is en bly 'n vereiste dat President Kruger se standbeeld midde en tussen die beelde van vier van sy burgers sal staan.

Die gedagte om die beeld reg voor die Goewernmentsgebou op te rig, vind ondersteuning. Op hierdie plek sal die standbeeld voor 'n gebou staan wat argitektonies by die beeld pas en wat in die loop van eeue geen verdieping by sal kry nie. Met die Goewernmentsgebou tot agtergrond, sal die standbeeld groter lyk en nie deur die gebou oorskadu word nie. **Die standbeeld sal hier egter in 'n hoek van die plein staan en tot 'n mate 'n hindernis vir die verkeer wees solank busvervoer oor die plein toegelaat word.**

Voordat die beeld egter verskuif word, kan die Stadsraad van Pretoria die voorkoms van die plein begin te verbeter. Die verskuiwing mag nog twee jaar duur wat die Stadsraad dus voldoende tyd gee om die Kerkplein te verfraai. Ten eerste deur die kwynende onnatuurlik gesnoeide privets te verwyder en in stede daarvan Afrikaanse boomsoorte op die plein aan te plant. Ons pragtige witstinkhout-, Van Wykshout-, akasias-, geelhout- en kafferbome sal die vereiste Afrikaanse atmosfeer vir die Krugerstandbeeld skep<sup>3)</sup>.

Tweedens behoort die waghuisie en publisiteitsgebou gesloop te word, want hulle belemmer die uitsig oor die plein.

Ten slotte word dit 'n dringende vereiste dat die busvervoer van die plein verwyder word, sodat 'n rustige en skaduryke Kerkplein die Krugerstandbeeld en plein tot hul reg sal laat kom.

Die Genootskap Oud-Pretoria dring daarop aan dat die Stadsraad ons Kerkplein voor die Eeufees in 1955 so sal verfraai het dat Pretoriane met trots na die Kerkplein as 'n voorbeeld van 'n werklike Afrikaanse plein sal kan verwys.

Dr. W. Punt.

---

<sup>1)</sup> Sien „Pretoriana,” Vol. I, No. 2.

<sup>2)</sup> R.17110/98 T.A. Sien ook Historiese Studies, Oktober 1939, bls. 48.

<sup>3)</sup> Sien „Pretoriana”, Vol. I, No. 2.

# Die Geskiedenis van Hercules.

## I.

Hercules het in 1897 begin as Hermanstad op 'n gedeelte van die oorspronklike plaas Daspoort.

Deur die groei van Pretoria het die inwoners al verder van Kerkplein (vroeër Markplein) begin woon totdat die oorspronklik opgemete erwe nie meer genoeg woonplek vir die steeds groeiende bevolking kon bied nie en nuwe blokke erwe, noord, suid oos en wes van die teenswoordige stad Pretoria, opgemeet moes word.

Een van die nuwe woonbuurtes was dan Hermanstad wat in 1897, deur landmeter M. H. Walker in opdrag van Karel Rood en S. Michaelson, in 350 erwe opgemeet is.

Hierdie gedeelte was 134 morges 361 vk. roede groot en het deel gevorm van die oorspronklike plaas Daspoort wat in lening uitgegee is aan F. W. S. du Plessis op 8 Maart 1856 nadat 'n gedeelte toe alreeds verkoop is deur J. J. P. Prinsloo aan President M. W. Pretorius in 1853.

Die gedeelte van Daspoort wat in 1853 deur Pres. M. W. Pretorius gekoop is, was 461 morges groot en het geloop vanaf Prinshof (waar die Algemene Hospitaal is) deur die Apiesrivier tot in die middestad van Pretoria.

Die kaart in die Landmetergeneraalkantore is nie duidelik hieromtrent nie, en dit skyn asof Daspoort se grense al met Boomstraat tot by Von Wiellighstraat gegaan het en vandaar met 'n skuinslyn na die Daspoortrand waar die baken is tussen Broekskeur en Zandfontein.

Volgens die erweboeke van Pretoria in die Akteskantore, wil dit egter voorkom asof die gedeelte tussen Boomstraat en Pretoriusstraat nog op die plaas Daspoort lê want met die inskrywe van die eerste eienare in die erweboeke word daar verwys na die erwe as gedeeltes van die oorspronklike plaas Daspoort.<sup>(1)</sup>

Vanaf 1860 is die deel van die plaas Daspoort, Suid van die Daspoortrand wat J. J. P. Prinsloo aan M. W. Pretorius verkoop het in 1853, van die oorspronklike plaas weggeneem en word daarna nooit weer na die deel verwys as Daspoort nie, maar wel as dorpsgronde van Pretoria.

Die res van die plaas Daspoort het ook na 1856 gedurig verander van eienare. In 1874 het J. C. Nielen Marais (die vader van Eugene Marais) en Mevr. Verdoorn, wat vandag in Elma Court woon, en die oupa van Mnr. Verdoorn van die Landmetergeneraal se kantore<sup>(2)</sup> die gedeelte van die plaas Daspoort, oos van Apiesrivier en noord van die Daspoortrand, gekoop en dit Les Marais genoem.

Gaandeweg het die naam Daspoort dan begin verdwyn oor sekere dele sodat in die negentiger jare van die 19de eeu, daar in die transportaktes gepraat word van Daspoort as deel van Les Marais en van Les Marais as deel van Daspoort.

Die gedeelte wes van die Apiesrivier en noord van die Daspoortrand, het Daspoort gebly en het in 1880 aan M. J. Hermann behoort wat sy opstal en meule behad het waar die sementfabriek en koringmeule vandag in Hercules staan.

M. J. Hermann was twee maal getroud en die plaas Daspoort word later verder verdeel tussen die kinders. Hendrik Balthazar Klopper Hermann het die gedeelte gekry waar die sportvelde van Hercules en die Hoërskool is; Petrus Gerhardus Kruger (skoonseun) die gedeelte van Daspoort wat aan Claremont grens; Johannes Lodewikus Snyman en Anthonie Phillipus Meyer (skoonseuns) die gedeelte bekend as Daspoort Estate; Pretorius (ook 'n skoonseun) Pretorius Estate, terwyl Paul Hermann en Matthys Johannes Hermann die gedeelte gekry het waar Pretoria Gardens tans is.

Die Oostelike gedeelte van Daspoort, wat Les Marais geword het, het ook verskeie base gehad soos reeds genoem J. C. Nielen Marais, wat weer gedeeltes verkoop het aan C. N. Smit, J. C. Lys en Eloff van wie ons die teenswoordige naam Eloffsdal kry.

As ons Pretoria in sy geheel neem dan lê seker 'n baie groot gedeelte daarvan op die oorspronklike plaas Daspoort want die volgende voorstede en dele was vroeër almal dele van Daspoort: Die Noordelike deel van die middestad vanaf Pretoriusstraat, Daspoort, Daspoort Estate, Hermanstad, Pretoria Gardens, Roseville, Les Marais, Eloffsdal, Capital Park en Prinshoff.<sup>(3)</sup>

R. PEACOCK.

---

(1) en (2) is gegewens wat verkry is ná die opstel van die werkie, „Die Geskiedenis van Hercules” deur R. Peacock. Origens is dit 'n samevatting uit genoemde werkie waarin alle dokumentêre gegewens aangegee word.

(3) Waar in hierdie artikel hoofsaaklik stil gestaan is by die plaas Daspoort, sal in die volgende artikels aangetoon word hoedat Hermanstad en die ander voorstede op die Plaas Daspoort-Wes van die Apiesrivier gegroei het tot Hercules wat op sy beurt nadat hy 'n eie munisipaliteit gehad het, weer ingelyf is by Pretoria

## OBITUARY

It is with deep regret that we have to report the death of Mr. Charles Basson. Mr Basson was one of our Foundation Members and always took a keen interest in the various activities of our Association. Our most sincere sympathy is extended to his family thus bereaved.

# *Leibbrandt's Visit to Pretoria.*

The Rev. H. C. V. Leibbrandt is well and widely known as author of the series "Précis of the Archives of the Cape of Good Hope." "Liebbrandt's Précis," as they are familiarly called, have been to many a very present help in time of trouble and a quick and easy means of reference. It may not be so widely known that Leibbrandt was the first full-time Archives official to be appointed in South Africa. Theal (the historian), then a Treasury official, was in 1879 charged with the care of the Archives of the Cape Colony in addition to his Treasury duties. In 1881 Leibbrandt succeeded Theal as custodian of the Archives—he was styled "Keeper of the Colonial Archives"—and he was also Librarian of the House of Assembly until 1901. From 1901 until he retired in 1908 Leibbrandt gave his undivided energies to the Archives.

Leibbrandt is so closely identified with the old Cape Colony that it comes rather as a surprise to learn that he once, at least, ventured as far north as Pretoria. Tantalizingly little is known of this visit which took place in the bitter winter of 1874. He was accompanied by three Messrs. van Niekerk, who apparently had travelled north with the object of buying farms in the Transvaal. Leibbrandt himself seems to have come to see President Burgers, an old friend of his from their students' days in Utrecht in the 1850's.

"De Volksstem" of Saturday, the 27th June, 1874, records that he arrived in Pretoria on Tuesday (the 23rd June) "in goeden welstand," and added that he would take the morning service in the Hervormde Kerk on Sunday the 28th (Leibbrandt was at that time predikant at Victoria West). The following Saturday (4th July) "De Volksstem" noted that the Rev. H. C. V. Leibbrandt had preached an excellent sermon on the text "Ik heb het geloof gehouden" to a not very large congregation. The paper ascribed the smallness of the congregation to the bitter cold and to the fact that it was not generally known that Leibbrandt was to preach. In addition to taking a service at the Hervormde Kerk in the morning, Leibbrandt preached that night for the Rev. Weavind "van de Wesleyanen," but "De Volksstem" does not mention either his text or the size of his congregation. It did, however, state that on Sunday morning (5th July) he would again preach in the Hervormde Kerk.

In the same issue of the paper appears an enthusiastic account of a sermon which he had preached at Heidelberg on the 21st (?) June, on the way up. "De Volksstem's" correspondent particularly valued this piece of friendliness toward "de Hervormde Kerk in de Transvaalsche Republiek, zooals men niet, dikwyls gewoon is van predikanten der Hollansche Kerk

in de Kaapkolonie te ondervinden welk bewijs door de leden der gemeente zeer werd gewaardeerd. Algemeen werd de wensch uitgedruk, om zulk een man als predikant in eene gemeente der Hervormde Kerk te mogen bezitten.”

The last reference to Leibbrandt that was traced occurs in “De Volksstem” of Saturday, 11th July, 1874, and is as follows: “Ds. Leibbrandt met zyn gezelschap is Donderdag van hier huiswaarts teruggekeerd na een verblijf van zoo wat veertien dagen, gedurende welken tijd hij gelogeed was ten huize van Z. H. Ed. den Staatspresident. Wij wenschen Z. Eerw. en gezelschap een aangename en voorspoedige reis huiswaarts.”

It is possible to glean a little more information about Leibbrandt's holiday, not, one fears, a very cheerful one, from other items in the paper. To begin with, his friend President Burgers was seriously ill. Professor Engelbrecht in his book “Thomas Francois Burgers” says that the President fell ill during a journey to settle affairs on the South Western border in about March, 1874. The illness was of long duration and at the time of Leibbrandt's visit was still causing anxiety and weekly bulletins regarding the President's health were appearing in “De Volksstem”: Although those covering the period of Leibbrandt's visit were uniformly reassuring, yet he cannot but have been concerned for his friend. The bulletin for the week ending June 27th reads: “Our hopes of the President's ultimate recovery have, we are extremely happy to say, not been disappointed so far. His Honour has steadily improved in health during the past week. Last Sunday (Leibbrandt arrived on the following Tuesday) he went for a drive, from which he derived considerable benefit, and yesterday he rose to something like his old vigour in addressing the newly appointed landdrosts of Lydenburg and Wakkerstroom . . . His medical attendant thinks he will be out of danger in another week” . . . The following week's bulletin reported that the President was “out of all danger. His swelling is daily diminishing, the appetite is good. The last two nights he did not sleep very well, but it was only in consequence of the unfavourable weather.” By the time Leibbrandt left “De Volksstem” was able to report that the President was “in undisturbed progress of recovery” and that his speedy convalescence was expected.

The weather has been noted briefly as having had a deleterious effect on Leibbrandt's congregation and the President's sleep but its very freakishness makes it worthy of special mention. Not only was it bitterly cold but on the Wednesday and Thursday afternoons after Leibbrandt's arrival there was thunder and rain, “wat in dit saizoen heel ongewone verschijnselen in de Transvaal zijn.” The Monday, Tuesday and Wednesday of the following week were pleasant, but on the Thursday morning it began to rain and became so cold that a little snow fell. About midday the rain stopped, but the bitter cold continued and on the Friday morning the world was white with frost and standing water was frozen. There was a biting wind too.



That week there were heavy falls of snow between Pretoria and Potchefstroom, and on the Thursday, the passenger wagon was held up for five or six hours at Brandvallei as a fall of snow three to four inches deep had obliterated the road. The gloomy chronicle concludes "Zulk eene vinnige koude is in langen tijd niet in de Transvaal ondervonden." Leibbrandt certainly did not time his visit well! However the weather during the last week of his stay did not figure in the press, and it is to be hoped that it improved.

Leibbrandt himself is even less informative about his visit to Pretoria than "De Volksstem." There is in the Archives a small black-covered notebook in which he kept a record of his trip but, provokingly enough, it deals almost exclusively with his journey home. Leibbrandt's handwriting, as those have consulted the Ms. *Préces* will remember well, is clear but so minute as to make reading difficult. The *Préces* are in ink but the diary is written in pencil, originally faint and made still more so by the passage of nearly eighty years, and is all but illegible. It is written in English and begins "7 July: Left Pretoria for the farms bought by the Niekerks."

Leibbrandt devotes several pages to a description of these farms which adjoined one another, these well planted with fruit trees, had abundant water and good homesteads. (According to "De Volksstem" the Van Niekerks paid £3,100 for the three). Leibbrandt writes that "Rietfontein" was F. (?) van Niekerk's farm, "Rustfontein" G. van Niekerk's and "Leeufontein" Dirk van Niekerk's. "Rietfontein" was nearest Pretoria and before reaching it they had quite an adventure: they "had to cross a piece of country on fire, and it was ticklish work to pass the flames and smoke — fortunately the mules were quiet and we got safely through."

The entry for the following day reads "8th Left Rustfontein for Leeufontein, Dirk's place. About three-quarter hour drive — a fine farm, well planted with a very strong spring. A good substantial new house but rather full of rice ants. All these farms can yield a great deal and be improved no end. Left this and returned to Pretoria, again passing through the fire successfully. Bergsma told us an amusing story about how they once hanged a fellow at Potchefstroom." The next day they left Pretoria about half past eleven for Rustenburg, and on the 30th of July, so the last entry in the diary tells us, "came safe to Richmond — travelled 2 hours and 50 minutes, and outspanned on the neck just where the descent commences towards Victoria."

ANON.

---

---

In 1896 het die manlike blanke bevolking van Pretoria 15,700 getel en die vroulike 14,600.

# Enige Mededelings

## i. v. m. die Geskiedenis van twee Erwe en 'n Straat

Deur H. M. REX.

Volgens die transportaktes was die erwe in die sentrale gedeelte van Pretoria almal ewe groot ,nl. 178 vk. roedes en 108 vk. vt.<sup>1</sup>) Erf No. 412, vroeër No. 383, waarop die eerste Gouvernementsgebouw of beter bekend as die Raadzaal tesame met die tronk, mettertyd die poskantoor en telegraafgebou, gestaan het, was blykbaar vanaf die aanleg van Pretoria, bestem as terrein vir die Staatsgeboue van die Suid-Afrikaanse Republiek Ooswaarts het die erf gefront aan Markstraat, suidwaarts aan Pretoriusstraat en noordwaarts aan die Markt- of Kerkplein. Uit argitektoniese sowel as administratiewe oogpunt was Erf No. 412 (383) in alle opsigte ideaal geleë.

Op die 6de November 1857 is Erf No. 383, synde 'n gedeelte van die plaas Elandspoor, waarop die dorp Pretoria gedeeltelik aangelê was, deur die eenaar, M. W. Pretorius, op naam van die Gouvernement van die Z.A.R. getranspoteer en vanaf daardie tydstip het Erf No. 383 (tans No. 412) onafgebroke in besit van die staat gebly.

Geheel anders was die lotgevalle van Erf No. 382 (tans No. 411). Dit was aanvanklik nie bedoel as 'n erf vir die doeleindes van die Staat nie, maar vandat die eenaar, M. W. Pretorius, die erf in twee gelyke gedeeltes op die 12de September 1860 as 'n skenking op die naam van Hendrik Stephanus Pretorius en Christiaan Petrus Pretorius laat transporteer het, was daar daarna 'n gedurige verwisseling van eenaars.

Op die 12de September 1860 het bogenoemde H. S. Pretorius eenaar geword van die westelike helfte van Erf No. 382 (tans No 411) en bogenoemde C. P. Pretorius eenaar van die oostelike helfte. Elkeen van die twee gedeeltes was 89 vk. roedes en 54 vk. vt. groot en albei gedeeltes is gedurende Maart 1875 deur die landmeter A. H. Walker opgemeet en in kaart gebring. Erf No. 382 (411) het dus aan die oostekant gegrens aan die Gouvernentserf No. 383 (412), aan die suidekant aan Pretoriusstraat, aan die noordekant aan die Plein en aan die westekant aan Erf No. 381 (tans 410), wat tot op die 20ste September 1861 aan Stephanus Schoeman Snr. behoort het.

Reg teenoor Erwe Nos. 383 en 382, aan die noordekant van die Plein was twee erwe, die sg. Pastorie-erf en School-erf, voorheen 'n gedeelte van die plaas Daspoort, waarop die Pastorie van die Ned. Herv. Gemeente en die Gouvernentschool mettertyd sou verrys. Die enigste ander erf aan die Plein wat op 14 Mei 1874 aan die Regering van die Suid-Afrikaanse

Republiek verkoop is<sup>1)</sup> was die hoekerf No. 322, waarop vir 'n geruime tyd die winkel van Churchill & Evans en van Austin gestaan het, vanaf 1874 die Landdrostkantoor en waarop gedurende 1887 die nuwe poskantoor, deur J. W. Leslie Simmonds ontwerp, gebou was.

Ek kan hier terloops opmerk dat daar aanvanklik geen voorsiening gemaak is in die plan van die dorp, vir enige ander strate wat op die Plein sou uitloop nie, behalwe Kerk- en Marktstraat. Palace-, Parlement- en Mutualstraat, sowel as Bank- en Bureauaan het almal eers mettertyd ontstaan.

Vir die doeleindes van hierdie artikel wil ek net kortliks meld dat die oostelike gedeeltes van Erf No. 382 (411) ook nie 'n lang reeks eienaars gehad het nie, maar spoedig ook staatsbesit geword het, met die doel om op die hele Erf No. 383 (412) en op die oostelike gedeelte van Erf No. 382 (411) die Ou Gouvernementsgebouw of Staatsgebouw te laat verrys. Die oprigting van die Staatsgebou was die regstreekse aanleidende oorsaak dat daar mettertyd 'n nuwe straat, net so wyd as Palacestraat en daar reg teenoor, ontstaan het.

Op die 13de Augustus 1866 is die oostelike helfte van Erf No. 382 (411), groot 89 vk. roedes en 54 vk. vt., deur C. P. Pretorius getranspoteer op die naam van Nicolaas Jacobus Pretorius. Geen koopsom word vermeld nie. Op die 19de Mei 1884 word dieselfde gedeelte deur N. J. Pretorius terug getranspoteer op die naam van C. P. Pretorius vir £200<sup>2)</sup>.

Gedurende die eerste helfte van 1887 was die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek ernstig van voorneme om nog in die loop van daardie jaar 'n aanvang te maak met die bou van die nuwe staatskantore op Erf 383 (412). 'n Ontwerp van J. W. Leslie Simmonds was goedgekeur en 'n Kommissie bestaande uit Johan Rissik (Inspekteur van Publieke Werke), J. W. L. Simmonds (Argitek), Marinus Franken (Boukontraakteur) en Klaas van Rysse (Argitek), is aangestel om die ontwerp en bestek weer noukeurig na te gaan. As Sekretaris van daardie Ondersoek-Kommissie het Klaas van Rysse, met sy uitmuntende kennis van die argitektuur, 'n beslissende invloed ten goede uitgeoefen op die verdere gang van sake. Ver'al op die 5e en voorlaaste vergadering van die Kommissie, op die 18de Julie 1887, toe hy die ander lede daarop gewys het dat hy, na 'n noukeurige studie van al die ingelewerde planne, tot die konklusie gekom het dat die aangewese terrein nie alleen ongeskik is nie, maar ook veels te klein vir 'n gebou soos wat die Regering verlang het om op te rig. Nadat 'n groot aantal veranderinge in die ontwerp en bestek aanbeveel is, het dit geblyk dat die Regering 'n baie ruimer bedrag geld as die aanvanklik

- 
- (1) Die besonderhede vir hierdie artikel is hoofsaaklik verkry uit die *Erwe-Register van Pretoria* en Transportaktes in die kantoor van die Registrateur van Aktes, (1a) Transportakte No. 1874/767.
  - (2) Transportakte No. 1884/384.
  - (3) Staatsargief Pretoria. R.2136/87.



THE GOVERNMENTNGS, PRETORIA, 1898.  
DIE OU RAADSAAL. HIEOTO IS IN 1898 GENEEM.

*Museum, Alb. D., No. 72*

bewilligde £25,000 sou moes beskikbaar stel om die staatskantore te laat bou en dat met die oog op die voorgestelde veranderinge, ten minste £40,000 bewillig sou moes word. Vir daardie en ander redes het die

Kommissie voorgestel dat 'n geheel nuwe ontwerp gemaak moes word. Op die 21ste Julie 1887 skrywe Van Rysse in opdrag van die Kommissie aan die Regering onder andere: „dat volgens haar oortuiging het gehouden

concours genoegzaam bewezen heeft, dat het aangewezen terrein te klein is, voor een gebouw als de Regeering verlangt. Aan de noodzakelyke eischen van licht en lucht, alsmede aan eenige waarborg tegen brandschade, kan niet voldoende tegemoet gekomen worden. Redenen waarom zy de Regeering in overweging geeft haar terrein uit te breiden, of naar een ruimer om te zien<sup>4</sup>).

Reeds gedurende die vorige maand al het Marinus Franken sy Erf No. 276, die sg. Pastorie-erf, aan die Regering in ruil aangebied vir Erf No. 383 (412) sodat die Regering dan sou kon beskik oor 'n hele blok van twee erwe, omring deur drie strate en die Plein. Die twee langsmekaar geleë Erwe Nos. 276 (Pastorie-erf) en 275 (School-erf) sou dan vir die Regering van baie meer waarde wees as die een Gouvernementserf No. 383 (412). Maar op daardie tydstip was die Regering nog van oordeel dat Erf 383 voldoende ruimte sou bied vir die voorgestelde staatskantore, en is 'n afwysende antwoord aan Franken gegee<sup>5</sup>).

Nog 'n verdere aanbod het die Regering op die 5de Julie 1887 bereik — op dieselfde dag toe die Kommissie van Ondersoek van die Bestek met sy werksaamhede begin het. Op daardie dag het L. G. Vorstman, die eienaar van die European Hotel, wat geleë was op C. P. Pretorius se oostelike helfte van Erf No. 382 (411), 'n aanbieding aan die Regering gemaak om sy Hotel te koop. Hy wys daarop dat die Gouvernementserf No. 383 aan drie kante ingesluit word deur twee strate en 'n plein en dat die enigste uitbreiding in die rigting van die oostelike helfte van Erf No. 382 (411), waarop sy Hotel staan, moontlik was. Verder vestig hy die aandag op die beperkte ruimte en die lastige probleem om daarop 'n ruim en doelmatige Goewermentsgebou op te rig en dat daar nie voorsiening gemaak kan word vir 'n geregsaal en regterskantore nie. Om vir lg. doeleindes 'n aparte gebou te bou, sou vir die Regering baie duur te staan kom. Vorstman was bereid om met die Regering te onderhandel oor die verkoop van sy Hotel, maar baie waarskynlik op grond van die koste van so 'n transaksie en ook omdat die Regering op daardie stadium beslis van opinie was dat die Gouvernementserf voldoende was vir hulle doeleindes, was hulle nie geneë om sy voorstel te aanvaar nie en op die 7de Julie 1887 het Staatsekretaris Bok instruksies gegee dat sy aanbod beleefd van die hand gewys moet word<sup>6</sup>).

Uit die voorafgaande blyk dit dus dat tot teen die einde van Julie 1887, Franken, Vorstman en Van Rysse, amper op dieselfde tyd en op grond van dieselfde argumente, die vernaamste persone was wat of 'n verandering of 'n uitbreiding van die terrein, waarop die Goewermentsgebou gebou sou word, wou bewerkstellig het, maar tot op daardie tydstip sonder enige sukses.

---

(4) R.4892/87 by R.4496/87.

(5) R.3926/87.

(6) R.4534/87.

Op dieselfde dag na die ontvangs van die brief van Klaas van Rysse, die Sekretaris van die Kommissie, het die Uitvoerende Raad besluit: „De aangestelde Commissie onder dankbetuiging te bedanken, het geheele plan en bestek af te keuren en op een later tydstep op deze zaak terug te komen.”<sup>7)</sup>

(Word vervolgd).

(7) U.R.B. 251/87 dd. 21/7/1887.

---

---

# Die Oorsprong van ons Straatname

## IV

Twee persone het gegewens ingestuur in verband met die oorsprong van die naam **Prinsepark** of **Prinsepark**.

Adv. George Findlay beweer „that Princess Park was called after Princess Christian, who contributed to the Home for the Aged Poor, which was called after her”. Hy sluit ook ’n aftekening van die „Royal Engineers Compass Survey Map” van 1879 in waarop ’n gedeelte van Pretoria-Wes voorkom. Die terrein waarop die park later aangelê is, was toe nog ’n oop stuk grond en het gedeeltelik binne die Reisesbaan geval.

Hierteenoor berig mnr. H. P. H. Behrens egter die volgende: „Op 19 Oktober is prins Christian Victor van Schleswig-Holstein, ’n kleinseun van koningin Victoria wat in die Suid-Afrikaanse oorlog geveg het, in Pretoria aan maagkoors oorlede. In 1904 het sy moeder, prinses Christian, die vrou van prins Christian van Schleswig-Holstein, haar seun se graf in Pretoria kom besoek. (Die gesneuwelde prins se grafsteen staan vandag nog in die ou kerkhof.) Sy het onder andere die hoeksteen van die Prinse Christian Tehuis (wat onlangs na Nu-Muckleneuk verskuif is) gelê. Die tehuis was destyds regoor die park geleë wat toe nog geen amptelike naam gehad het nie.

„Daar is toe besluit om die park na die gesneuwelde prins te vernoem en dit „Prince’s Park” te noem.

„Vir jare egter was die park bekend as „Princess Park’ wat natuurlik verkeerd is.

„Tans gebruik die Munisipaliteit die Afrikaanse naam „Prinsepark’ wat taalkundig nie heeltemal reg is nie, maar omdat die park nou al so bekend geraak het en dit die benaming „Prins se Park” vermy, word met hierdie benaming aangegaan.” Tot so ver mnr. Behrens

By gebrek aan nadere dokumentêre bewyse is dit moeilik om te sê watter van die twee bewerings die regte is.

Oor **Rider Haggardstraat** dra dr. W. Punt nog die volgende besonderhede by: Die straat volg nl. ongeveer die pad wat Rider Haggard elke môre afgestap het vanaf sy woning, Jess's Cottage, na sy kantoor in die hoogeregshof.

Hier volg nou 'n verdere behandeling van die herkoms van die straatname van Pretoria-Sentraal.

**Andriesstraat** heet na Andries Francois du Toit, die persoon wat die stad uitgemeet het en ook die eerste landdros alhier was. Du Toitstraat is ook na hom genoem — sien **Pretoriana**, deel I, No. 2, p. 17. 'n Ander uitleg is egter dat dit genoem is na veldkornet Andries van der Walt (Vgl. J. J. Pieterse, Die Geskiedenis van Pretoria tot 1877, M. A.verhandeling, Pretoria 1942, p. 82.)

**Kerkstraat** en **Kerkplein** staan natuurlik in verband met die kerkgebou wat in die middel van die plein gestaan het en in 1905 afgebreek is.

**Paul Krugerstraat** was vroeër bekend as **Markstraat**, 'n naam wat herinner aan die dae toe op die Kerkplein, waaroor die straat loop, ook mark gehou is. Die verdoping het in 1883 plaasgevind.

**Scheidingstraat** was die ou grens van die dorp aan die suide, vandaar die naam.

**Schoemanstraat** heet na die bekende kommandant-generaal Stephanus Schoeman. Hy is in 1810 in die distrik van Oudtshoorn gebore. In 1854 volg hy Piet Potgieter op as kommandant-generaal van Zoutpansberg, en word in 1858 kommandant-generaal van die Suid-Afrikaanse Republiek. By afwesigheid van M. W. Pretorius na 1860 tree hy ook op as waarnemende staatspresident. Na 1862 tree hy uit die openbare lewe en bly in Pretoria woonagtig tot sy dood, 19 Junie 1890. (Eeufees-Album, p. 19.)

**Schubartstraat:** Anton Frederik Schubart, Nederlander van geboorte en opgelei aan die Universiteit van Utrecht, was staatssekretaris onder president M. W. Pretorius, maar is later deur die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek ontslaan. Nog later word hy hoof van die Staatsmuseum in Pretoria en sterf in die begin van die jare 90. (N. Mansvelt, De Betrekkingen tusschen Nederland en Zuid-Afrika, p. 105, en S. P. Engelbrecht, Geskiedenis van die Nederlandse Hervormde Kerk van Afrika, 2e druk, p. 284.)

Hy word deur G. J. W. du Toit beskryf as „'n klein mannetjie met 'n boggelrug”. (Aangehaal deur J. J. Pieterse, p. 82.)

**Sentraalstraat:** Op ou kaarte kom hierdie straat nie voor nie, trouens dit kon toe nouliks as **sentraal** gegeld het. Nader inligting oor die ontstaan van hierdie straat sal verwelkom word.

**Shepherdstraat:** Volgens een bron is hierdie straat na die Shepherd-familie genoem. (Verder besonderhede van die familie is my nie bekend nie.) 'n Ander uitleg is dat dit genoem is na die „Home of the Good Shepherd” wat in die straat geleë was. Indien iemand nader informasie kan verskaf, sal dit baie verwelkom word.

**Skinnerstraat en Skinnerlaan** heet na landdros W. Skinner. In die Eeufees-Album van Pretoria (p. 18) verskyn 'n portret van hom met die onderskrif: „William Skinner, gebore in Kantelberg op 10 Febr. 1828, oorlede te Pretoria 15 Junie 1885. Vanaf Desember 1867 was hy verskeie jare landdros van Pretoria.”

Sir John Kotze beskryf hom as 'n „quaint and quiet man”, en vervolg: „An Englishman by birth, he had migrated to the Transvaal with his brother-in-law Devereux in the early fifties. They were builders and carpenters, and together they erected the old Dutch Church with its four gables on the square in the centre of the town.” Kotze vertel verder dat Skinner se woning, „the Bungalow”, hom veral opgeval het toe hy die dag in Pretoria aangekom het en met Markstraat afgery het. Dit was links van die straat geleë. Sowat 'n jaar later het hy die huis gekoop en self daar gaan woon. Skinner het toe verhuis na sy plasie, „two miles out of town to the west of the race-course, called „Skinners' Court”. (Sir John Kotze, Biographical Memoirs and Reminiscences, pp. 406, 408, 409.)

F. J. du T. Spies.

---

---

*Heloise Greenlees*

*remembers a*

## *Fashionable Wedding in Occupied Pretoria*

It was a glorious Spring day in 1880, and the little village of Pretoria was arrayed in beauty. The fruit trees in the gardens were in their full glory; the little pink roses on the hedges were holding up their heads to the sun, and smilingly opened their petals as if to say, “Hail Smiling Morn.” The willow trees with their graceful fresh green flowing robes, next the



gurgling stream, swayed with joy; the birds, too seemed to know something different was happening on this day, for they chirruped with greater effulgence than usual. As Pope says:—

Hear how the birds on every blooming spray,  
With joyous musick make the dawning day.

That was how this spring day broke the excitement that had been seething in the village for weeks, in anticipation of Sarie Preller's marriage to Charl Celliers, uncle of the famous Afrikaans poet, Jan F. E. Celliers, which was to take place on this day.

The little chainstitch machines in many homes were silent after having whirred day after day for weeks sewing bridesmaids' and flower girls' frocks and with a sigh of relief mothers put them into their covers and laid them aside.

Apart from sewing bridesmaids' frocks, it was a case of all hands to the pump, for as there were no caterers, friends came forward to offer their help to Mrs. Preller. Some roasted chickens, ducks and geese, others baked sponge cakes, the real kind made with twelve eggs, and koeksisters. Then there were the milkterts, and ordinary jam tarts, these my mother made, as she excelled at pastry making.

Pioneers have a spirit of sincerity to one another which is fascinating for they know not the meaning of the word selfishness nor unkindness.

“As well might the mountain streamlets say  
They have nothing to give to the sea because they are  
not rivers,  
Give what you have, to some  
It may be better than you dare to think.”

That is it! Give what you have. That was just what the kind friends of Mrs. Preller did, they gave her all their sincere friendship and love. The result was that Mrs. Preller was relieved from a great deal of worry on the day of the wedding.

Sarie, the bride, was Mr. and Mrs. Preller's eldest daughter, a very pretty brunette, tall and graceful. Her parents were highly respected and liked. Mr. Preller was a lawyer, he had a strong personality, clever and genial with a keen sense of humour. He was the uncle of the late Dr. Gustav Preller.

Mrs. Preller was handsome, dignified and poised with a kind heart which endeared her to all. So no wonder Harmony was a favourite meeting place for old and young. Apart from the hospitality of Mr. and Mrs. Preller, “Harmony” was also a beautiful spot, and attracted the village people.

Charl Celliers, whom Sarie was to marry, was an alert, nice looking

young man. He came from Wellington, Cape Province and was a direct descendant of the Voortrekker of that name. He was considered very eligible. Sarie was, according to the Talk over coffee cups, making a brilliant marriage. Charl was later to become manager of the Transvaal Board of Executors. Those days getting married to a man with an income of £400 per annum was looked upon as a very good match, so whether Charl thought Sarie was making a "brilliant" marriage I can't say — Really not any of my business either.

Our home was only one of many where there was a certain amount of hustle on that day, for my sister was to be a bridesmaid and I a flower girl, so in order to be sure that everything was in order with our frocks, that in case of any readjustments to be made, we started dressing in plenty of time with the usual result that we were ready far too early and time dragged. We did not dare sit down in case of our frocks creasing, especially as they had been so well pressed by our old Ayah Sara, who would not allow anyone else to press "die nonnies se rokkies." We spent our time while waiting to be fetched, going from one room to another, and pacing up and down the long passage much to my father's amusement, who with a twinkle in his eye, told us to stand and read a book, which he well knew we could not do as we were too excited, for it must be remembered this was to be no ordinary wedding. Everything was going to be just a little different to the wedding we were used to.

Soon 10.30 a.m. struck and we were fetched to go to the church, and whew! were we tired!! but our tiredness soon wore off when we met the other bridesmaids in the Konsistory Kamer of the little church on the Square. The ceremony was to take place in the little cruciform thatched church on Church Square at 11 a.m.

There was a wave of excitement hanging around the Konistry Kamer and suddenly one of the flower girls said, "Oh! here she comes"—Dead silence—and there stood the lovely bride in a beautiful dress of white satin, made in many narrow gores going into sharp points into the waist, the skirt trimmed with blonde lace, and seed pearls. The long train was caught up at the back to form a bustle effect. Her veil covered her face and hung down to her knees. No bride ever entered the church on her wedding day with her face uncovered. Soon the twelve bridesmaids and six flower girls were told to fall into line and follow the bride and bridegroom into the Church. There was a strange silence in the church when this long procession entered, for were the bridesmaids not dressed in the latest Polonaise style of bodice? Their skirts were of deep cream Indian Muslin, a soft clinging material. The Polonaise was carried out in soft old gold material. The Polonaise was actually a tight fitting bodice fastening down the back with small buttons. From the waist in front there was a sort of pinafore which was draped in deep folds from right to front, sweeping to the back from where it was caught up into the waist to form a bustle effect and

hanging down in a sweep to the knees, making what they called a waterfall. This polonaise was the very latest from Paris, and I think our mothers were extremely clever to have made them for it was quite a complicated business to drape that pinafore, for they were really very professional looking when completed. How Sarie Preller got hold of this latest Parisian idea, I would not know, for illustrated papers of any description was almost unknown, with only our oxwagon transport from the coast.

On their heads the bridesmaids wore a small mop-pill box affair in Indian muslin and soft old gold satin ribbon, and a red rose rakishly placed on the left side.

The flower girls wore book muslin, forerunners of present day organdie, frocks, tied with bright maroon moiré ribbon sashes, about twelve inches wide, of a quality such as is not known these days. On their heads they wore small wreaths of flowers.

The ceremony was performed by the late Rev. Dr. Bosman, who was a cousin of the bride's mother.

After the bride and bridegroom had signed the register the bridesmaids and flower girls stepped back from the aisle to make a passageway for the bridal couple to pass by; then we formed into line once more and followed the newly wed couple, and so out of the little church, and on to Church Square, which was crowded with a truly mixed humanity, for apart from the storekeepers, business people, all the old "ayahs and outas" of the friends of the Preller family were there also, and they added a little splash of humour to the solemn affair with their quaint and witty remarks. I heard old Ayah Sabine, who was our neighbour's wash woman say, "Aah foeitog! Hoe pragtig lyk Miss Sarie,vandag." "Waarom sê jy aah foeitog? Sy kry mos 'n goeie man." "Nie ou Simon nie"—came the retort from Sabine. I suppose old Sabine was thinking of her own blighted married life—for she had tears running down her cheeks when she made that remark.

Cheers from the crowd greeted the bridal couple, as they stepped into the smart navy blue Surrey, a sort of face to face vehicle, something like the later Victoria's but much lower, and no driver's seat, and a canvass canopy edged with a fringe to keep the sun off the occupants. So in this case, the bride and bridegroom faced the driver, a Cape Coloured man in a smart navy blue suit. As they moved off, once more cheers went up from the crowd, and above the cheers was heard „Arrie! hy hou sy lyf pen vandag!!” from the old Cooks boy of Arcadia to the driver. I suppose he meant to convey that the driver was fancying himself. The crowd roared with laughter and more shouts to the driver came, but were lost as the little procession was lining up to follow the bride. I remember three or four flower girls went off in an American Spider. The bridesmaids had driven off before us, so I am not sure what sort of transport they had. Any and every kind of vehicle that a horse could pull was in use that day and business certainly was at a standstill from the look of things on the Square.

*(To be continued).*

## Vier Bestuursvorme binne een Dekade.

Gesonde verstand en breë insigte het ongetwyfeld die swaarste geweege toe die owerhede van die Z.A.R. besluit het dat Pretoria en nie Potchefstroom nie, voortaan die hoofsetel van hierdie staat sou wees. Na gelang die geldbronne van die Republiek ontdek en ontgin is, het dit duidelik geword dat hierdie oorplasing 'n wyse stap was, aangesien daar veel te sê is ten gunste van die argument dat 'n hoofstad so nou as moontlik verbonde moet wees aan die grootste inkomstebronne van die staat. Praktiese ondervinding het Pretoria aangewys as die gerieflikste en goedkoopste lokaliteit vanwaar die bestuur van die publieke aangeleenthede gerig kon word, sowel vir die regeringsraad as vir die volk.

Hoe die republikeinse regering in Pretoria in die historiese Raadsaal byeengekom het; hoe hierdie regering saamgestel was: 'n president verkies deur die vol-stemgeregtigde burgers vir 'n periode van vyf jaar, bygestaan deur 'n Uitvoerende Raad bestaande uit die staatssekretaris, die kommandant-generaal, twee stemgeregtigde burgers, die superintendent van natuurlike rike en die notule-houer (lg. twee Ex-Officio-lede); en 'n Eerste en Tweede Volksraad elk van sewe-en-twintig lede verkies vir vier jaar; watter belangwekkende vraagstukke hier bespreek is wat uitgeloop het op ingrypende beslissinge, om dan in die landsadministrasie toegepas te word, is vir die patriot wat 'n kennis van sy geskiedenis vir homself noodsaaklik ag, goed bekend.

Op 6 Junie 1900 het die republikeinse hoofstad in die hande van die imperialistiese veroweraar geval. Is die verrigtinge en gebeurtenisse wat in Pretoria plaasgegryp het ná lg. datum, ewe goed aan ons almal bekend?

Die Z.A.R. is vir die tweede keer op 1 September 1900 tot die Britse Ryk gevoeg deur 'n proklamasie uitgevaardig deur Lord Roberts vanuit Pretoria, wat finaal aldaar bekragtig is met die ondertekening van die vredestraktaat op 31 Mei 1902. Die Boereregering moes plek maak vir 'n militêre-cum-burgerlike administrasie onder 'n administrateur in al die hoofdorpe. Dit is in 1902 gevolg deur 'n konstitusie dd. 2 Augustus 1901 bestaande uit 'n Goewerneur (Milner), 'n Luitenant-Goewerneur (Sir Arthur Lawley) en 'n Uitvoerende Raad van kroonamptenare met wetgewende magte. In 1903 is die Wetgewende Raad onder die Luitenant-Goewerneur deur die Oktrooibriewe van 23 September 1902 vergroot tot 28 lede: 15 amptelik en 13 nie-amptelik, almal benoem deur die kroon. Persone soos sir George Farrar, sir Percy Fitzpatrick, E. F. Bourke, W. Hosken, R. K. Loveday, Harry Solomon, e.a. — almal Randse inwoners, mynmagnate of kapitaliste — is benoem tot lede van hierdie sg. Wetgewende Raad.

Dit is vanselfsprekend dat 'n regering wat aldus saamgestel is sonder dat die volk daaromtrent geraadpleeg is, hopeloos sou mistas wat betref die behoeftes van die verslane onderdane. In Desember 1902 het Chamberlain in Suid-Afrika aangekom. Die Boereleiers het onmiddellik die geleentheid benut om die node van die volk, soos hulle dit trouens alleen ken,

aan die heer voor te lê. Teen ongeveer die helfte van Januarie 1903 sou die ontmoeting in die Raadsaal te Pretoria plaasvind. Generaals Botha, Smuts en ander leiers het die woord daar gevoer na aanleiding van 'n memorie wat spesiaal vir dié samespreking opgestel is. Chamberlain het die geleentheid te baat geneem om hom uiters kil en beledigend teenoor beide die Boereleiers en die Afrikaanse volk uit te laat. Hulle versoek om groter tasbare hulp is as 'n gebaar van ondank bestempel vir wat reeds in die vorm van repatriasie gedoen was; op hulle voerstel dat daar samewerking en wedersydse vertroue moet wees, sou Chamberlain geantwoord het dat die Boere dit moet bewys . . . deur te help soek na die „Krugermiljoene"! Teen hulle pleidooi om amnestie vir die Rebelle waarmee die tronke van die Kaapkolonie toe gevul was, het hy homself verweer deur te verklaar dat in die Vredetraktaat nie sodanige bepaling neergelê is nie. Oor die Boereleiers se besware teen die onbillike oorlogskuld van 35 miljoen pond is minagtend geswyg. Die simpatie wat dus tydens die republikeinse tydperk uitgegaan het van die regering in Pretoria na die volk, die onderlinge vertroue wat bestaan het, is nou vervang deur koue, afsydige hofvaardigheid.

Die een flater na die ander is deur die aangestelde regeringsliggaam begaan. Daarteenoor het genl. Botha en ander Boerevoormanne die onverdeelde trou van die volk ontvang. Van lg. omstandigheid wou Goewerneur Milner op 'n onderduimse wyse gebruik maak om te verhinder dat die Boereleiers se gewildheid onder die Afrikaners toeneem, nl. deur in Februarie 1903 drie van hulle: generaals Botha, De la Rey en Smuts, „vertroulik" te nader om te verneem of hulle nie bereid sou wees om sitting te neem in die Wetgewende Raad nie. Ruitelik het hierdie drie volksmanne die aanbod van die hand gewys, want dit was duidelik dat Milner hulle alleen mede-verantwoordelik wou maak vir sy eie administratiewe wanpraktyke. Dit sou nie lank duur nie om te bewys dat die generaals se stap juis die dag verhaas het waarop daar 'n einde sou kom aan Milner se buitensporige bestuur en waarop Transvaal toevertrou sou word met selfregering.

Die algemene toestand het gaandeweg hagliker geword, die armoede drukkender, die laste swaarder en die vooruitsigte donkerder as ooit tevore. Die on-patriotiese regering te Pretoria se belange was net in Johannesburg vasgepen. Hulle was vertrouwd met die behoeftes van die mynindustrie alleen en het gemeen dat hulle deur die bevordering van die belange daarvan die hele land sou vooruihelp. Die onbillike verwagting dat die verpletterde volk die swaar oorlogskuld moes dra en die verontregting van die landstaal was al 'n skandelige verbreking van die vredetraktaat. Maar toe die kapitalisties-georiënteerde magnate-regering besluit om Sjinese in te voer om diens te doen as mynwerkers ('n besluit wat al tydens Chamberlain se besoek in Pretoria ter sprake gekom het), was die Afrikanervolk en sy leiers in Transvaal gereed vir kontra-optrede.

(Word vervolgt.)

J. M. H. van Aardt.

**DE LOOR'S BPK.**

Die oudste Bakkers van Pretoria

Met 65 lange jare  
ondervinding

Verkoop die beste

**BROOD EN KOEK**

FOON 23291 VIR DIE BESTE DIENS